

MAKLIKE BREIGOED VIR BABAS



AMPER 'N ENGELTJIE

felicity 402 1300. ✱

AMPER 'N ENGELTJIE

BENODIGDHEDE: ongeveer 325 g Mirage vierdraad (50-g-bolle of 500-g-keëls); 300 g hoofkleur, naaswit (N), en 25 g kontraskleur, geel (G); breinaalde van 3,25 mm; stekehousers, reserwenaald en 3 knopies; hekelpen van 2,50 mm.

MATE: om kindjie van 3-9 maande oud te pas.

SPANNING: 24 ste en 46 rye = 10 x 10 cm oor ks; pas jou spanning aan indien nodig, deur dikker of dunner breinaalde te gebruik.

AFKORTINGS: r – brei regs; aw – brei awe-regs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); ks – koussteek; rs – reksteek (elke ry regs); beg – begin; herh – herhaal; tes – tesame; alt – alternatiewe; oorbl – oorblywende; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; RK(VK) – regte (verkeerde) kant van werk.

SIGSAGSTEEK: 1e ry: *steek regternaald voorlans verby 1e st op linkernaald in 2e st en brei dié st regs, brei dan 1e st en laat albei ste van breinaald afglip*.

2e en 4e ry: deurgaans aw.

3e ry: *steek regternaald agterlans verby 1e st op linkernaald in 2e st en brei dié st regs, brei dan 1e st en laat albei ste van breinaald afglip.

Dié 4 rye vorm sigsag en word herhaal soos in patroon aangedui.

BABABAADJIE

Gebruik N en stel 170 ste op.

Brei 8 rye rs. *Brei rs-strepe van 2 rye G, 2 rye N, 2 rye G, 2 rye N, dan 11 rye ks met N, maar begin in 3e ry met geel rs-diamantmotiewe, plaas hulle soos volg:

3e ry: ks12N, rs1G; (ks11N; rs1G) 12 keer, ks13N.

Brei in vlg rye telkens 1 r-st meer aan weersk van diamantmotief en 2 ste ks minder aan weersk daarvan tot ry met breedste motiewe, met 9 rs-ste in middel, gebrei word. Vermin dan weer met 2 ste aan weersk van elke diamantmotief tot 1 geel r-st van elke motief oorbly.

Brei 2 rye rs met N.

Brei rs-strepe van 4 rye G, 2 rye N, 4 rye G. Brei voort in rs met N tot 45 rye N voltooi is.*

Verdeel vir mousgate: Brei 45 ste en plaas op 'n houer, 80 ste en plaas op reserwenaald, brei laaste 45 ste, draai.

REGTERAGTERPANT: r42, r2tes, r1, draai.

Vlg ry: deurgaans r.

Vlg ry: r tot laaste 3 ste, r2tes, r1, draai.

Brei so voort en vermin in elke alt ry tot 38 ste oorbly, brei 1 ry – 14 rye voltooi.

Vermin-ry: r2, r2tes, r2, (r2tes, r2) 8 keer en plaas dié 29 ste op 'n houer.

VOORPANT: Brei op vlg 80 ste soos volg: r1, r2tes, r tot laaste 3 ste, r2tes, r1.

Vlg ry: deurgaans r.

Herh dié 2 rye nog 6 keer – 66 ste op breinaald; brei 1 ry.

Vermin-ry: (r2, r2tes) 16 keer, r2 – plaas dié ste op 'n houer.

REGTERAGTERPANT: soos linker-, maar met omgekeerde vorming.

MOUE (2): gebruik N, stel 33 ste op en brei 10 rye rif.

Vermeer-ry: brei 2 keer en elke st – 66 ste.

Brei voort soos uiteengesit vir sierrand van baadjie, van * tot *

Brei tot moutjie 19 cm lank is vanaf begin.

Moukopvorming: vermin 1 st aan weersk van elke 2e ry tot 52 ste oorbly.

Vermin-ry: (r2, r2tes) 13 keer; plaas dié 39 ste op 'n houer.

Voltooi 2e mou op dieselfde manier.

SKOUERSTUK: Plaas alle ste tes op 1 N soos volg: agterpant, mou, voorpant, mou, agterpant – 186 ste.

Brei 1e en laaste 6 ste deurgaans rs, en brei 10 rye sigsagsteek, dan 13 rye 1x1-rif, beg en eindig rif met aw2.

Vermin-ry: r6, (aw2tes, r2tes) 43 keer, aw2tes, r6 – 99 ste bly oor.

Brei 6 rye rs, 7 rye 1x1-rif, 1 ry aw aan RK, 7 rye 1x1-rif en heg af.

AFWERKING: Werk mou- en raglannate toe. Vou halsboordjie by aw-ry na VK om en werk vas. Werk knope teenoor knoopsgate vas.

LANG BROEKIE

Begin by sooltjie. Gebruik N, en stel 39 ste op; brei 1 ry.

2e ry: r1, vermeer, r15, vermeer, r3, vermeer, r15, vermeer, r1 – 43 ste.

3e ry: deurgaans r.

Vlg (vermeer-) rye: soos 2e ry, maar met onderskeidelik 17, dan 19, 21 en 23 ste in middel van ry. Daar is nou 59 ste op breinaald.

Brei 8 rye sonder vorming.

Wreefvorming: r35, r2tes, draai; *r10, r2tes, draai*; herh van * tot * tot 39 ste oorbly, wat 14-11-14 gegroepeer is.

Brei 5 rye r1, aw1.

Vlg (gaatjies-) ry: (r2, m1, r2tes) tot einde.

Brei weer 5 rye r1-, aw1-rif.

Vlg (vermeer-) ry: brei 2 keer in elke st – 78 ste.

Vlg ry: r1, vermeer 1 st, brei tot laaste 2 ste, vermeer 1 st, r1 – 80 ste.

Slaan oor na rs en G, herh van * tot * in baadjie.

Plaas ste op 'n reserwenaald en voltooi 2e broekspyp op dieselfde manier.

Kruisvorming: stel 7 ste op, brei ste van 1e reserwenaald, stel 14 ste op vir voorste deel van kruisinsetsel, brei ste van 2e reserwenaald, stel nog 7 ste op om agterste deel van kruisinsetsel te voltooi.

Brei oor alle ste, vermin 1 st aan weersk van kruisinsetsel van voor- en agterpant, elke alt ry, tot 160 ste oorbly.

Brei reguit tot werk 20 cm lank is vanaf beg van kruis.

Vermin-ry: (r8, r2tes) 15 keer, r tot einde.

Slaan oor na r1-, aw1-rif en brei 10 rye. Heg af.

SKOUBANDJIES (2): gebruik N en stel 10 ste op; brei 25 cm rs en heg af.

AFWERKING: werk beennate, kruis-en agternaat toe. Werk skouerbantjies vas, kruis hulle aan agterkant. Maak koordjies om deur gaatjiesrye by enkels te ryg. Gebruik G en hekel 1 ry kb om wreefstuk, om dit af te werk.

SONNIG VIR 'N

SONSTRAALTJIE



SONNIG VIR 'N SONSTRAALTJIE

BENODIGDHEDE: ongeveer 300 g Mirage vierdraad (50-g-bolle of 500-g-keëls); 275 g hoofkleur geel (H) en 25 g kontraskleur naaswit (K); breinaalde van 3,25 mm en hekelpen van 2,50 mm.

MATE: om baba van 3-9 maande te pas.

SPANNING: 24ste en 46 rye = 10 x 10 cm oor rs. Gebruik dikker of dunner breinaalde indien jou spanning nie ooreenstem nie.

AFKORTINGS: r – brei regs; aw – brei awe-regs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); ks – koussteek; rs – reksteek; oks – omgekeerde koussteek, die aw-kant is voorkant van werk; beg – begin; herh – herhaal; tes – tesame; alt – alternatiewe; oorbly – oorblywende; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; RK(VK) – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; m1 – maak 1 steek.

Heuningkoeksteek: 1e ry: *r1, aw3*

2e ry: brei ste soos hulle voorkom.

Dié 2 rye vorm die grondpatroon. Wanneer die breiwerk vir die heuningkoekdeel voltooi is moet met naald en kontrasterende breigare die opeenvolgende r-ste verbind word. Begin in 1e ry en voeg telkens 2 r-ste op 'n slag saam; slaan dan oor na 5e ry en verspring die saamgevoegde r-ste soos op illustrasie gesien kan word. Herh met oorblywende rye.

BABABAADJIE

Gebruik 3,25-mm-Ne en H, en stel 170 ste op.

Brei 8 rye rs; brei dan strepe van 6 rye K, 6 rye H, 6 rye K, 6 rye H en 6 rye K; dan 42 rye met H.

Mousgatverdeling: plaas 45 ste vir linker-agterpant en 80 ste vir voorpant op reserwe-naalde en brei tot einde.

Regteragterpant: brei op laaste 45 ste: r42, r2tes, r1.

Vlg ry: deurgaans r.

Vlg ry: r tot laaste 3 ste, r2tes, r1.

Herh dié 2 rye tot 38 ste op breinaald oorbly; brei 1 ry – 14 rye voltooi.

Vermin-ry: r2, r2tes, r2 (r2tes, r2) 8 keer, en plaas dié 29 ste op 'n stekehouer.

VOORPANT: brei op vlg 80 ste soos volg: r1, r2tes; r tot laaste 3 ste; r2tes, r1.

Vlg ry: deurgaans r.

Herh dié 2 rye nog 6 keer – 66 ste op breinaald; brei 1 ry.

Vermin-ry: (r2, r2tes) 16 keer, r2; plaas dié 50 ste op 'n reserwenaald.

LINKERAGTERPANT: soos uiteengesit vir regteragterpant, maar met omgekeerde vorming.

MOUE (2): stel 33 ste op en brei 4 rye r1-, aw1-rif.

Vermeer-ry: brei 2 keer in elke st.

Slaan oor na heuningkoek-st en brei 10 rye.

Slaan oor na rs en brei 3 wit strepe, brei voort soos uiteengesit vir truitjie tot mousgatvorming.

Vermin 1 st aan weersk van elke 2e ry tot 52 ste oorbly.

Vermin-ry: (r2, r2tes) 13 keer; plaas oorbly 39 ste op houer.

Voltooi 2e mou op dieselfde manier.

Skouerstuk: plaas alle ste op 1 N in volgorde van agterpant, mou, voorpant, mou, agterpant – 186 ste altesaam.

Brei 1e en laaste 6 ste deurgaans rs; brei 14 rye heuningkoek-st soos uiteengesit, dan 8 rye 2x2-rif, beg en eindig rif met aw2.

Vermin-ry: r6, (aw2tes, r2tes) 43 keer, aw2tes, r6 – 99 ste.

Brei 6 rye rs, 7 rye 1x1-rif, 1 ry aw aan RK, 7 rye 1x1-rif en heg af.

AFWERKING: werk mou- en raglannate toe. Vou halsboordjie by aw-ry na VK om en werk vas. Werk knope teenoor knoopsgate vas. Voltooi die heuningkoekmotief met naald en gare soos uiteengesit.

KORT BROEKIE MET SKOUERBANDJIES

EERSTE BROEKSPYP: gebruik geel en stel 80 ste op; brei 4 rye 1x1-rif.

Brei 3 cm heuningkoek-st. Slaan oor na rs en brei 2 wit strepe soos uiteengesit vir baadjie. Brei voort met geel tot werk 11 cm lank is vanaf beg en plaas ste op 'n reserwe-

naald.

Brei tweede broekspyp op dieselfde manier.

Kruisvorming: stel 7 ste op, plaas ste van 1e broekspyp op dieselfde N, stel 14 ste op (voorpant van kruis), plaas ste van 2e broekspyp op dieselfde N en stel nog 7 ste op wat agterpant van kruis voltooi.

Brei nou heen en weer oor alle ste en vermin 1 st in elke 2e ry aan weersk van kruis-ste tot alle kruis-ste opgebruik is.

Brei tot werk 20 cm lank is vanaf beg van kruisvorming.

Vermin 15 ste eweredig gespasieer oor die vlg ry, nl (r8, r2tes) 15 keer.

Brei nog 2 cm rif en heg rifsgewys af.

SKOUERBANDJIES (2): gebruik geel en stel 10 ste op.

Brei 25 cm rs en heg af.

AFWERKING: werk binnebeennate, kruis en agternaat toe. Werk skouerbandjies aan middelboord vas en kruis hulle aan agterkant.

STEWELTJIES

Word rs gebrei. Gebruik geel en stel 39 ste op.

Brei 4 rye 1x1-rif. Slaan oor na rs en brei (6 rye geel, 6 rye wit) 2 keer.

Brei met geel 'n gaatjiesry van *r2tes, m1, r1* tot einde.

Wreefsvorming: r25, draai; r11, draai. Brei 19 rye op dié 11 ste, knip gare af.

Heg gare aan eerste 14 ste vas, tel op en r 10 ste uit syrand van wreefstuk, brei dié 11 middelste ste, tel op en r 10 ste uit 2e syrand, brei oorbly 14 ste – 59 ste altesaam. Brei 8 rye reguit.

Sooltjievorming: 1e ry: r1, r2tes, r23, r2tes, r3, r2tesadl, r23, r2tesadl, r1 – 4 ste vermin.

2e en alt rye: deurgaans r.

3e ry: r1, r2tes, r21, r2tes, r3, r2tesadl, r21, r2tesadl, r1.

Brei so voort tot 39 ste oorbly en heg af.

Hekel 1 ry kb met wit om wreefstuk en 1e ry van sooltjie.

KOORDJIES (2): stel 70 ste met wit op en heg hulle in vlg ry af.



VIR KLEIN

MATROSIES

VIR KLEIN MATROSIES

VIR KLEIN MATROSIES

BENODIGDEHEDE: Pingouin Family Knit (500-g-keëls of 50-g-bolle); **blou pakkie:** ongeveer 200 g blou (B) en paar gram donkerblou (D); **wit pakkie:** ongeveer 125 g wit (W) en 25 g blou (B); vir albei pakkies breinaalde van 3 mm en 3,25 mm.

SPANNING: 24 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

AFKORTINGS: r – brei regs; aw – brei awe-regs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); ks – koussteek; rs – reksteek; rif – riffelsteek r1, aw1; oorbl – oorblywende; herh – herhaal; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; RK(VK) – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante.

Streeppatroon: *4 rye ks met B, 2 rye rs met D; 4 rye ks met B, 2 rye rs met D; 2 rye ks met B, 2 rye rs met D; 4 rye ks met B, 2 rye rs met D, 2 rye ks met B, 2 rye rs met D*; herh van * tot *

Let wel: die streeppatroon by die kleur- en steekwisseling veroorsaak dat soms 3 r-rye op mekaar volg; dit benadruk die strepe.

BLOU PAKKIE

TRUITJIE, AGTERPANT: gebruik 3-mm-Ne en B en stel 64 ste op; brei 3 cm rif. Slaan oor na 3,25-mm-Ne en brei streeppatroon soos uiteengesit tot werk 13 cm lank is.

Mousgatvorming: heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye dan 2 ste aan beg van daaropvlg 2 rye. Brei voort tot werk 22 cm lank is.

Skouervorming: heg 7 ste af aan beg van vlg 4 rye. Plaas oorbl 26 ste op 'n reserwenaald.

VOORPANT: soos agterpant tot werk 13 cm lank is.

Halsvorming, vlg ry: heg middelste 4 ste af en brei skouers afsonderlik.

Brei tot skouer 5,5 cm lank is vanaf beg van halsopening.

Halsrandvorming: heg 3 ste af, daarna 3 keer 2 ste, dan 2 keer 1 st.

Skouervorming: heg 7 ste af aan beg van vlg 4 rye.

MOUE (2): gebruik 3-mm-Ne en B, stel 50 ste op en brei 2 cm rif.

Slaan oor na 3,25-mm-Ne en streeppatroon. Brei tot werk 4 cm lank is.

Moukoppvorming: heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, daarna in alt rye aan weersk 2 ste 1 keer en 1 ste 11 keer; heg oorbl 18 ste af. Brei tweede mou op dieselfde manier.

AFWERKING: werk sy- en mounate toe. Werk moue vas. Met 3-mm-Ne en B, tel ste uit halsrand op en brei 5 cm rif. Heg af.

Met 3-mm-Ne en B, tel ste uit halsopening op en brei 1,5 cm rif, maar **terselfdertyd** moet 2 knoopsgate, eweredig gespaseer, in linkervoorpantrand gemaak word. Heg af. Werk 2 knope aan regtervoorpantrand vas.

SKOUERBROEKIE

VOORPANT, REGTERBROEKSPYP: Gebruik 3-mm-Ne en B, stel 32 ste op en brei 2 cm rif.

Slaan oor na 3,25-mm-Ne en ks. Brei 4 rye en plaas ste op reserwenaald. Brei linkerbroekspyp op dieselfde manier.

Kruisinsetsel: stel 14 ste op en plaas dié ste tussen ste van reserwenaald en ste wat reeds op naald is, om voorpant te vorm. Brei ks oor alle ste, maar vermin 1 st aan weersk van kruisinsetsel in vlg 7 alt rye. Brei tot werk 20 cm lank is vanaf kruisvorming.

Borsstuk: Brei voort op middelste 34 ste, maar brei die eerste en laaste 4 ste deurgaans rs en middelste 26 ste ks. Plaas ste aan weersk op reserwenaalde. Brei tot borsstuk 8 cm lank is vanaf beg, brei dan 6 rye rs oor alle ste, maar brei in die 3e van dié 6 rye aan weersk 'n knoopsgat oor 5e en 6e st vanaf syrand. Neem ste vanaf reserwenaalde by syrand op met 3-mm-Ne en brei 4 cm rif. Heg af.

AGTERPANT: begin soos voorpant en brei tot werk 20 cm lank is vanaf kruis.

Slaan oor na 3-mm-Ne en rif en brei 4 cm. Heg af.

SKOUERBANDE (2): gebruik 3,25-mm-Ne en B, stel 9 ste op en brei 3 ste rs, 2 ste ks, 3 ste rs. Brei tot band 30 cm lank is en heg af.

AFWERKING: werk sy, kruis- en binnebeennate toe. Werk skouerbandjies by middel van agterpant vas en werk 'n knoop aan punt van elke skouerband vas.

WIT PAKKIE

MATROOSBOSTUK, AGTERPANT: gebruik 3-mm-Ne en W en stel 62 ste op. Brei 3 cm rif. Slaan oor na 3,25-mm-Ne en ks.

Brei tot werk 12,5 cm lank is.

MOUE: stel 8 ste aan beg van vlg 2 rye op. Brei tot werk 10 cm lank is vanaf beg van

moue en heg af.

VOORPANT: stel 62 ste op en brei soos uiteengesit vir agterpant tot werk 10 cm lank is.

Halsvorming: Brei 39 ste, draai en plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

Vermin 1 st aan halsrand en elke alt ry, 6 keer, vermin daarna 1 st elke 4e ry 6 keer.

Brei tot voor- en agterpant ewe lank is en heg alle ste af.

Brei 2e skouer op dieselfde manier, alle vormings omgekeerd.

KRAAG: gebruik 3,25-mm-Ne en W, stel 52 ste op en brei ks tot werk 5,5 cm lank is.

Heg middelste 24 ste af vir halsrand van agterpant en brei die twee kraagpunte afsonderlik.

Heg aan binnerand 1 st af, elke 6e ry, 5 keer; daarna 1 st elke alt ry, 7 keer.

Slaan oor na 3,25-mm-Ne en B, tel ste van opstelry op, brei 4 rye rs, heg in 4e ry af.

INVOEGSTUK: gebruik 3,25-mm-Ne en B, stel 20 ste op. Brei afwisselend 2 rye rs met B en 2 rye ks met W, tot 36 rye voltooi is – vermin 1 st aan weersk van elke 4e ry, 8 keer; heg daarna die laaste 4 ste af.

AFWERKING: werk skouernate toe. Gebruik 3,25-mm-Ne en B en tel ste van mou- rand op. Brei 4 rye rs en heg in 4e ry af.

Werk sy- en mounate toe. Werk invoegstuk in voorpantopening vas en werk kraag daarna vas. Draai 'n koord met B en werk aan voorpant vas soos op foto gesien kan word.

KORT BROEKIE

VOORPANT, REGTERBROEKSPYP: gebruik 3,25-mm-Ne en B, stel 35 ste op en brei rs in strepe van 2 rye B, 2 rye W alt.

Brei 18 rye en plaas ste op 'n reserwenaald.

Linkerbroekspyp: soos regterbroekspyp tot 18 rye voltooi is.

Kruisinsetsel: stel 14 ste op en plaas tussen die 2 stelle broekspypsteke.

Brei ks met wit oor alle ste, maar vermin in vlg 7 alt rye 1 st aan weersk van kruisinsetsel vir kruisvorming. Brei tot werk 16 cm lank is vanaf begin van kruisvorming, brei dan nog 3 cm rif en heg af.

AGTERPANT: soos voorpant.

AFWERKING: werk synate toe, dan kruis- en binnebeennate. Vou middelboord na VK om en werk vas. Ryg rek deur buis en werk af.

